Noordelike Sinode
Taakspan #Imagine

Verslag aan die SDR-vergadering
van 26 Oktober 2018

1. Opdrag

Die Ring van Louis Trichardt versoek dat die moontlikheid om #Imagine as ‘n werksaamheid van die Sinode te hanteer, ondersoek moet word.

2. Taakspanlede

Di. Johan de Wet, Corné Randall en Corné Burger

3. Uitvoering van die opdrag

Ons het saam met ds Paul Grobler ‘n gesprek gehad met ds Fouche de Wet en ek het ook later ‘n gesprek met ds Petrus Kriel gehad.
Om ‘n sinvolle besluit te neem, is dit belangrik dat ons kyk na wat #Imagine is en waarvoor hul werk. Daarna sal ‘n besluit geneem kan word of hulle die jeugwerk van ons sinode kan hanteer/vervang. Hier is ‘n kort uittreksel uit hul beleidsdokument:

1.Wie is #Imagine

In 2015 het die Algemene Sinode ’n besluit geneem om #Imagine amptelik as ’n projek te ondersteun. ’n Projekspan vir #Imagine is onder toesig van Geloofsvorming: Jeug in die lewe geroep en hierdie projekspan moet jaarliks verslag doen aan die taakspan oor die werksaamhede van #Imagine. ‘n Verslag sal ook dien by die volgende Algemene Sinode in 2019. Tans bestaan die projekspan uit ds. Anriëtte de Ridder (PSD Wes-Kaap), ds. Teodor van der Spuy (Kerksondermure) en ds. Fouché de Wet (Stellastraat). Die projekspan dien almal op die nasionale uitvoerende komitee van #Imagine.

In 2016 het #Imagine ’n nie-winsgewende maatskappy, die **Imagine Youth Movement** gestig as regspersoon van die netwerk. Ses direkteure is aangewys, waarvan vier NG predikante is: ds. Anriëtte de Ridder, ds. Teodor van der Spuy, ds. Fouché de Wet, ds. Barbara-Mari Swarts (NG Lorraine, PE), mnr. Louis Britz en ds. Ivor Swartz (St Paul’s United Presbyterian Church, Jhb). Saam met ’n nasionale uitvoerende span word die werksaamhede van die netwerk beplan, bestuur en gekoördineer. Volgens die oprigtingsakte van die maatskappy kan die Algemene Sinode van die NG Kerk drie direkteure aanwys om op die direksie van #Imagine te dien, sodoende word die noue band met die NG Kerk beskerm en gehandhaaf.

2. Waarvoor ons werk

#Imagine wil tieners inspireer om met nuwe verbeelding te droom oor hul eie toekoms en hul gemeen-skap. Ons wil hulle help met die ontwikkeling van ’n gesonde, gebalanseerde geloofslewe in vennootskap met hul plaaslike kerk.
Ons wil jongmense help om opnuut te besef dat hulle volledig deel is van die kerk, dat hulle geweldig baie potensiaal het en dat hulle as leiers van die toekoms, ’n impak kan maak in Suid-Afrika. Ons uitgangspunt is om met bestaande jeugbedieninge en kerke saam te werk, eerder as met individue; so probeer ons die plaaslike kerk bystaan en ondersteun.
Ons hoop om kerke regoor Suid-Afrika ook te help om opnuut moeite te doen om nuwe jongmense deel te maak van plaaslike gemeentes.

3. Hoe ons dit doen

1. #Imagine Jeugfeeste
Die grootste bediening van die #Imagine netwerk is jaarlikse jeugsaamtrekke, wat gehou word vir hoërskooljongmense van graad 8-12. Die jeugsaamtrekke se uniekheid lê daarin dat dit groot massaby-eenkomste is wat anders lyk as enige kamp waarop die jongmense nog was. Vier saamtrekke word landswyd oor dieselfde naweek met dieselfde program op verskillende plekke aangebied: by Bela-Bela in Limpopo, Nampopark in die Vrystaat, Jeffreysbaai in die Oos-Kaap en Bredasdorp in die Wes-Kaap.
In 2018 het meer as 7000 jongmense uit 310 verskillende dorpe en stede die saamtrekke bygewoon. Daar was predikante, jeugwerkers en jongmense van meer as 800 kerke en gemeentes van 15 verskillende hoofstroomdenominasies. Die naweekprogram het bestaan uit sprekers wat voorafbepaalde temas kommunikeer, lof-en aanbiddingsessies is deur multikulturele musiekgroepe gefasiliteer en praktiese werkswinkels en -opleiding oor verskillende kontekstuele onderwerpe is hanteer.

2. Post *Experience* Uitrolprogramme
Dit is vir ons van kardinale belang dat die energie wat by die Experience-saamtrekke losgemaak word, teruggaan huis toe. Daarom het ons verskeie programme na afloop van die saamtrekke om tieners en kerke te ondersteun:

1. Hulpbronne en kleingroepmateriaal

Al die material: bybelstudies, video’s, gespreksvrae, sprekertemas – wat vir die saamtrek ontwikkel word, word na die tyd gratis beskikbaar gestel vir gebruik. Die uitnodiging aan jongmense en kerke is om die gesprekke by die huis voort te gaan sit, om jongmense wat nie die feeste bygewoon het nie, te betrek en deel te maak van die proses. Ons stel jaarliks 10 000 gratis gedrukte #Imagine groepsgesprekboekies beskikbaar vir gebruik regoor die land.

2. Re-Imagine

Die Re-Imagine program maak dit vir kerke moontlik om ’n massabyeenkoms in hul eie dorp of
streek te hou. Dit word in vennootskap met plaaslike kerke gedoen – van die netwerk se kant af word musiekgroepe en sprekers gestuur met ’n groep plaaslike kerke wat as gashere optree.

3. Roadtrip 247

Roadtrip 247 is ’n elektroniese bediening wat Whatsapp en Facebook gebruik om tieners te help om oor belangrike lewensvrae na te dink. Die bediening word in vennootskap met Kruispad aangebied en bied ’n platform waar tieners toegang het tot dagstukkies, gesprekke en gebedsversoeke.

4. Gemeenskapsprojekte

Dit is vir ons belangrik dat jongmense eerstehande kennis en ervaring opdoen van gemeenskaps- en opheffingswerk. Die *Mission Exposure Trip*- program fasiliteer opleiding en blootstelling aan verskillende kontekste in samewerking met verskeie bedieningsvennote.

5. Imagine kidz

#Imagine Kidz is ’n netwerk wat fokus op 10-12 jarige kinders en ontwikkel hulpbronne en kennis rondom vakansieklubs en aktiwiteite vir kinders in die senior primêre skoolfase.

3. Leierskapsontwikkeling en mentorskap

Die sukses van tienerbediening hang nou saam met die toerusting van die leiers verantwoordelik daarvoor.

1. #Ignite leierskonferensies

Die #Ignite inisiatiewe is jaarlikse geleenthede waartydens jeugpredikante, jeugwerkers en entoesiaste bymekaarkom om te besin oor huidige tendense rondom tienerbediening, beste praktyke en hulpmiddels vir die bediening van jongmense. Dit is ’n uitstekende netwerkgeleentheid.

2. Bou van netwerke

Ekumeniese en interkulturele samewerking tussen kerke maak wonderlike energie los en skep ruimte vir leergemeenskappe om te ontwikkel. Deur gereeld netwerksaamtrekke te reël help ons kerke en jeugbedienings om kontak te maak met ander kontekste en by mekaar te leer.

3. Young Adults

Studente en jong volwassenes wat as hoërskoolleerders #Imagine bygewoon het, word steeds betrek om as mentors en groepleiers te dien. Saam met ander student-organisasies werk ons om die netwerk te vergroot.

4. Die praktyk

In Fouche se eie woorde “dit is ‘n meertalige,meerrassige, geestelike beweging in Suid Afrika wat saamwerk met die plaaslike kerk.” Die feeste vind in Engels plaas en moet almal van verskillende tale, kulture en spirualiteite akkommodeer. Die basis bly gereformeerd.

5. Samevatting

#Imagine is ‘n jeugbeweging in ons land om ons jeug geestelik te bedien. Die vraag in die hart van die Ring van Louis Trichart, is egter of ons die kerk se jeugwerk aan hulle moet oorgee of het ons goeie eie bedieninge wat die jeug bedien en nader is aan ons kerk en gemeenskappe deur ons eie jong predikante? Moet ons nie meer geld en tyd daarin belê as in #Imagine nie?

6. Aanbevelings

a. #Imagine is ‘n jeugbediening wat fokus op alle kulture in ons land. Ons laat ruimte vir gemeentes om met hul saam te werk in soverre dit hul eie jeugwerk uitbou en ondersteun.
b. Volgens #Imagine is hul onafhanklik, en kan met hul eie fondse funksioneer.
c. Ons vra dat daar ‘n nuwe taakspan aangewys word om te kyk na ons eie jeugkampe in die sinode en hoe ons dit kan uitbou en finansieel ondersteun.

7. Slotwoord

Baie dankie aan almal wat betrokke was en vir hul wyse van gesprek en saam soek na ‘n antwoord.
Vrede.